"NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT: BIODIVERSITY ACT", 2004 (WET 10 VAN 2004): REGULASIES OOR BIOPROSPEKTERING, TOEGANG EN VOORDEEL-DELING, 2008

Uitgevaardig by
GK R. 138 in *SK* 30739 van 8 Februarie 2008
[Datum van inwerkingtreding: 1 April 2008]

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme het kragtens artikel 97(1)*(d)*, *(e)*, *(f)*, *(g)* en *(h)* van die "National Environmental Management: Biodiversity Act", 2004 (Wet 10 van 2004), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1
UITLEG EN DOEL VAN REGULASIES

1 Woordomskrywing
2 Doel van regulasies
3 Toepassing van regulasies

HOOFSTUK 2
VOORWAARDES WAAROP BIOPROSPEKTERING EN ANDER NAVORSING AS BIOPROSPEKTERING ONDERNEEM KAN WORD

4 Bioprospektering
5 Ander navorsing as bioprospektering

HOOFSTUK 3
PERMITSTELSEL VIR BIOPROSPEKTERING EN DIE UITVOER VAN INHEEMSE BIOLOGIESE HULPBRONNE

Deel 1: Uitreikingsowerhede

6 Benaming van uitreikingsowerhede
7 Bevoegdhede en pligte van uitreikingsowerhede
8 Voorwaardes onderhewig waaraan uitreikingsowerhede permitte uitreik

Deel 2: Aansoek om permitte

9 Aansoeker
10 Aansoekprosedure

Deel 3: Uitreiking van permitte en inhoud van permitte

11 Bioprospekteerpermitte
12 Geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermitte
13 Uitvoerpermitte vir ander navorsing as bioprospektering

Deel 4: Appèlle

14 Besluite wat onderworpe is aan appèl
15 Appèlprosedure

HOOFSTUK 4
MATERIAALOORDRAGOOREENKOMSTE, VOORDEEL-DEELOOREENKOMSTE EN DIE BESTUUR VAN DIE BIOPROSPEKTERING-TRUSTFONDS

Deel 1: Ooreenkomste

16 Materiaaloordragooreenkomste
17 Voordeel-deelooreenkomste
18 Pligte van permithouer

Deel 2: Bestuur van die Bioprospektering-trustfonds

19 Die bestuur van die Bioprospektering-trustfonds

HOOFSTUK 5
ALGEMEEN

20 Misdrywe
21 Strawwe
22 Oorgangsbepalings
23 Kort titel en inwerkingtreding

Aanhangsel 1
Aanhangsel 2
Aanhangsel 3
Aanhangsel 4
Aanhangsel 5
Aanhangsel 6
Aanhangsel 7
Aanhangsel 8

HOOFSTUK 1
UITLEG EN DOEL VAN REGULASIES (regs 1-3)

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies, tensy dit uit die samehang anders blyk, het 'n uitdrukking waaraan die Wet 'n betekenis heg, daardie betekenis, en beteken -

"aansoeker" 'n persoon wat 'n permitaansoek ingedien het;

"bioprospekteerpermit" 'n permit, wat ingevolge artikel 88 van die Wet uitgereik is, om die ontdekkingsfase en/of die kommersialiseringsfase van 'n bioprospekteerprojek te onderneem;

"Bioprospektering-trustfonds" die fonds by artikel 85(1) van die Wet ingestel;

"die Wet" die "National Environmental Management: Biodiversity Act", 2004

(Wet 10 van 2004);

"enige ander soort navorsing" enige ander navorsing as bioprospektering, en -

(a) ook die stelselmatige versameling, bestudering of ondersoek van inheemse biologiese hulpbronne, uitgevoer onder die beskerming van 'n *bona fide*-navorsingsinstelling of -organisasie om wetenskaplike kennis te genereer; maar

(b) nie ook toevallige opnames en soektogte nie;

"geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit" 'n permit, wat ingevolge artikel 88 van die Wet uitgereik is, om inheemse biologiese hulpbronne vir die doeleindes van bioprospektering uit te voer;

"inheemse gebruik of kennis" ook kennis van, ontdekkings oor of die tradisionele gebruik van inheemse biologiese hulpbronne, indien daardie kennis, ontdekking of gebruik aanleiding gegee het of sal bydra tot, of deel vorm van, 'n beoogde bioprospekterings- of navorsingsprojek waarop 'n aansoek om 'n permit betrekking het;

"inheemse gemeenskap" 'n gemeenskap van mense, wat in 'n bepaalde geografiese gebied binne die Republiek van Suid-Afrika woon of regte of belange daarin het, met 'n leierskapstruktuur, en -

(a) wie se tradisionele gebruike van die inheemse biologiese hulpbronne waarop 'n aansoek om 'n permit betrekking het, aanleiding gegee het of sal bydra tot, of deel vorm van, die beoogde bioprospektering; of

(b) wie se kennis van of ontdekkings oor die inheemse biologiese hulpbronne waarop 'n aansoek om 'n permit betrekking het, vir die beoogde bioprospektering gebruik gaan word;

"kommersialisering" ook die volgende bedrywighede met betrekking tot inheemse biologiese hulpbronne -

(a) die indiening van 'n volledige intellektueelgoedere-aansoek, hetsy in Suid-Afrika of elders;

(b) die verkryging of oordrag van intellektueelgoedereregte of ander regte;

(c) die aanvang van kliniese toetse en produkontwikkeling, en ook die doen van marknavorsing en die vra van goedkeuring vóór bemarking vir die verkoop van produkte wat daaruit voortvloei; of

(d) die vermenigvuldiging van inheemse biologiese hulpbronne deur kweking, voortplanting, kloning of ander metodes om produkte soos geneesmiddels, nywerheidsensieme, voedselgeurstowwe, reukwater, skoonheidsmiddels, emulgeermiddels, oleoharse, kleurstowwe en ekstrakte te ontwikkel en te vervaardig;

"kommersialiseringsfase van 'n bioprospekteerprojek" enige navorsing oor, of ontwikkeling of toepassing van, inheemse biologiese hulpbronne, waar die aard of omvang van enige werklike of potensiële handels- of nywerheidsontginning met betrekking tot die produk voldoende gevestig is om die proses van kommersialisering aan die gang te sit;

"materiaaloordragooreenkoms" 'n ooreenkoms in die vorm van Aanhangsel 7 tussen 'n aansoeker om 'n permit en 'n persoon, met inbegrip van 'n staatsorgaan of 'n gemeenskap, wat toegang verskaf of verleen tot die inheemse biologiese hulpbronne waarop die aansoek betrekking het;

"NEMA" die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998);

"ontdekkingsfase van 'n bioprospekteerprojek" enige navorsing oor, of ontwikkeling of toepassing van, inheemse biologiese hulpbronne, waar die aard of omvang van enige werklike of potensiële handels- of nywerheidsontginning met betrekking tot die produk nie genoegsaam duidelik of bekend is om die proses van kommersialisering aan die gang te sit nie;

"permit" 'n permit wat ingevolge Hoofstuk 7 van die Wet uitgereik is, synde 'n bioprospekteerpermit, 'n geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit of 'n uitvoerpermit vir ander navorsing as bioprospektering;

"tradisionele gebruik of kennis" die gebruiklike benutting of kennis van inheemse biologiese hulpbronne deur 'n inheemse gemeenskap ooreenkomstig die geskrewe of ongeskrewe reëls, gebruike, gewoontes of praktyke wat tradisioneel deur hulle gevolg, aanvaar of erken word, en ook die ontdekkings oor die tersaaklike inheemse biologiese hulpbronne deur daardie gemeenskap;

"uitvoerpermit vir ander navorsing as bioprospektering" 'n permit, wat ingevolge artikel 88 van die Wet uitgereik is, vir die uitvoer vanuit die Republiek van enige inheemse biologiese hulpbronne vir die doeleindes van ander navorsing as bioprospektering;

"vertroulike inligting" inligting wat, indien dit openbaar gemaak word, nadelig kan wees vir die handels- of finansiële belange van 'n party by 'n voordeel-deelooreenkoms, en -

(a) ook-

(i) inligting oor navorsing wat gedoen of gedoen gaan word, met inbegrip van besonderhede van spesies wat versamel gaan word en die gebiede waarin die bepaalde spesies versamel gaan word;

(ii) finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting, met inbegrip van handelsgeheime; en

(iii) inheemse kennis indien die openbaarmaking van daardie kennis vir die tersaaklike inheemse gemeenskap nadelig kan wees; maar

(a) nie ook -

(i) inligting wat reeds deur publisering in 'n wetenskaptydskrif openbaar gemaak is nie;

(ii) inligting indien die partye tot die openbaarmaking daarvan toestem nie;

"voordeel-deelooreenkoms" 'n ooreenkoms in die vorm van Aanhangsel 8, aangegaan tussen 'n aansoeker om 'n permit en 'n belanghebber, wat daarvoor voorsiening

maak dat 'n belanghebber deel in enige toekomstige voordele wat kan spruit uit die bioprospektering waarop die aansoek betrekking het.

Doel van regulasies

2. Die doel van hierdie regulasies is om -

(a) die permitstelsel wat in Hoofstuk 7 van die Wet uiteengesit is, verder te reël in soverre daardie stelsel van toepassing is op bioprospektering wat insluit enige inheemse biologiese hulpbronne of die uitvoer vanuit die Republiek van enige inheemse biologiese hulpbronne vir die doeleindes van bioprospektering of enige ander soort navorsing; en

(b) die inhoud van, en die vereistes en maatstawwe vir, voordeel-deelooreenkomste en materiaaloordragooreenkomste uiteen te sit.

Toepassing van regulasies

3. (1) Hierdie regulasies reël -

(a) die ontdekkingsfase en/of die kommersialiseringsfase van 'n bioprospekteerprojek;

(b) die uitvoer vanuit die Republiek van enige inheemse biologiese hulpbronne vir die doeleindes van bioprospektering; en

(c) die uitvoer vanuit die Republiek van enige inheemse biologiese hulpbronne vir die doeleindes van enige ander soort navorsing.

HOOFSTUK 2
VOORWAARDES WAAROP BIOPROSPEKTERING EN ANDER NAVORSING AS BIOPROSPEKTERING ONDERNEEM KAN WORD (regs 4-5)

Bioprospektering

4. (1) Die ontdekkingsfase en/of kommersialiseringsfase van 'n bioprospekteerprojek kan slegs onderneem word met 'n bioprospekteerpermit wat deur die Minister uitgereik is.

(2) Indien die aansoeker om 'n bioprospekteerpermit voornemens is om die inheemse biologiese hulpbronne waarop die aansoek betrekking het, uit te voer, moet die aansoeker by die Minister aansoek doen om 'n geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit.

(3) Die Minister kan 'n bioprospekteerpermit of 'n geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit slegs uitreik nadat daar aan die vereistes van regulasies 8(1) en 9(1) voldoen is.

Ander navorsing as bioprospektering

5. (1) Inheemse biologiese hulpbronne kan slegs uitgevoer word vir 'n ander navorsingsdoel as bioprospektering met 'n uitvoerpermit wat uitgereik is deur die uitreikingsowerheid wat in Regulasie 6 omskryf is.

(2) 'n Uitvoerpermit vir ander navorsing as bioprospektering kan as deel van 'n geïntegreerde permit uitgereik word, mits die uitreikingsowerheid voldoen aan artikel 92 van die Wet.

(3) Voordat 'n uitvoerpermit uitgereik word vir ander navorsing as

bioprospektering moet die uitreikingsowerheid aan regulasies 9(1) en 13(1) voldoen.

HOOFSTUK 3
PERMITSTELSEL VIR BIOPROSPEKTERING EN DIE UITVOER VAN INHEEMSE BIOLOGIESE HULPBRONNE (regs 6-15)

Deel 1: Uitreikingsowerhede (regs 6-8)

Benaming van uitreikingsowerhede

6. (1) Die Minister is die uitreikingsowerheid vir -

(a) bioprospekteerpermitte; en

(b) geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermitte, indien die inheemse biologiese hulpbronne vir die doeleindes van bioprospektering uitgevoer word.

(2) Die LUR is aangewys as die uitreikingsowerheid vir uitvoerpermitte, indien die inheemse biologiese hulpbronne vir ander navorsingsdoeleindes as bioprospektering uitgevoer word, en die inheemse biologiese hulpbronne wat uitgevoer gaan word in daardie provinsie versamel, geoes of beheer word.

(3) Delegering van bevoegdhede en pligte deur 'n uitreikingsowerheid kan slegs geskied ooreenkomstig artikels 42 en 42A van die NEMA.

Bevoegdhede en pligte van uitreikingsowerhede

7. (1) 'n Uitreikingsowerheid moet alle aansoeke binne 'n redelike tyd verwerk.

(2) 'n Uitreikingsowerheid moet, voordat hy of sy ingevolge hierdie regulasies 'n permit uitreik, hom of haar daarvan vergewis dat -

(a) die impak van die tersaaklike bedrywigheid op die inheemse biologiese hulpbronne onbeduidend is of geminimeer en herstel sal word; en

(b) die tersaaklike bedrywigheid 'n inheemse biologiese hulpbron nie sal uitput of uitdun verby 'n vlak wat die ongeskondenheid daarvan op die spel plaas nie.

(3) By ontvangs van 'n aansoek om 'n permit -

(a) oorweeg die uitreikingsowerheid die aansoek;

(b) kan die uitreikingsowerheid van die aansoeker of enige belanghebbers vereis om bykomende inligting te verskaf;

(c) kan die uitreikingsowerheid ooreenkomstig artikel 89 van die Wet of ingevolge enige ander regulasies uitgevaardig kragtens die Wet, van 'n aansoeker vereis om 'n risikobeoordeling te onderneem.

(4) Nadat 'n uitreikingsowerheid ten opsigte van 'n aansoek om 'n permit tot 'n besluit gekom het, moet hy of sy -

(a) die aansoeker binne 15 dae nadat die besluit geneem is, skriftelik daarvan in kennis stel;

(b) indien die aansoek goedgekeur is, binne 15 werkdae nadat die besluit geneem is, die permit uitreik, wysig of hernu, wat die geval ook al is;

(c) indien die aansoek geweier is-

(i) die aansoeker binne 15 dae nadat die besluit geneem is, skriftelik daarvan in kennis stel;

(ii) redes gee vir die weiering; en

(iii) die aansoeker verwittig van sy of haar reg op appèl teen die besluit ingevolge artikel 94 van die Wet en regulasie 16.

(5) 'n Uitreikingsowerheid moet alle permithouers moniteer om voldoening aan permitvoorwaardes te verseker.

Voorwaardes onderhewig waaraan uitreikingsowerhede permitte uitreik

8. (1) Die Minister reik 'n bioprospekteerpermit of 'n geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit slegs uit indien die Minister hom of haar daarvan vergewis het dat -

(a) die tersaaklike belanghebbers geïdentifiseer is ooreenkomstig die beginsels wat in artikel 82 van die Wet uiteengesit is;

(b) daar openbaarmaking was van tersaaklike inligting aan al die belanghebbers wat geïdentifiseer is;

(c) die aansoeker die vooraftoestemming verkry het van 'n persoon, ook 'n staatsorgaan of gemeenskap, wat toegang verskaf of verleen tot die inheemse biologiese hulpbronne waarop die aansoek betrekking het, en materiaaloordragooreenkomste en voordeel-deelooreenkomste met sodanige belanghebbers aangegaan is;

(d) die aansoeker die vooraftoestemming verkry het van inheemse gemeenskappe wat deur die aansoek geraak word, en voordeel-deelooreenkomste met sodanige gemeenskappe aangegaan is.

(2) Ten einde hom of haar daarvan te vergewis dat daar aan die vereistes van die Wet en hierdie regulasies voldoen is, kan die Minister van 'n aansoeker om 'n bioprospekteerpermit of 'n geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit vereis om -

(a) aan te toon watter stappe gedoen is om belanghebbers te identifiseer;

(b) verdere stappe te doen om belanghebbers te identifiseer;

(c) bewys te lewer dat tersaaklike inligting betreffende die bioprospektering aan die geïdentifiseerde belanghebbers openbaar gemaak is;

(d) bewys te lewer dat die vooraftoestemming van geïdentifiseerde belanghebbers verkry is.

Deel 2: Aansoek om permitte (regs 9-10)

Aansoeker

9. (1) 'n Permit ingevolge die Wet word slegs uitgereik aan -

(a) 'n regspersoon wat ingevolge die Suid-Afrikaanse reg geregistreer is;

(b) 'n natuurlike persoon wat 'n Suid-Afrikaanse burger is of permanente verblyfreg in Suid-Afrika het;

(c) 'n regspersoon wat nie ingevolge die Suid-Afrikaanse reg geregistreer is nie of 'n natuurlike persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is of permanente verblyfreg in Suid-Afrika het nie, indien daardie regspersoon of buitelandse burger aansoek doen saam met 'n regspersoon of natuurlike persoon genoem in paragraaf *(a)* of *(b)* hierbo.

(2) 'n Aansoeker om 'n permit moet -

(a) openbaar maak indien daar, ten opsigte van die inheemse biologiese hulpbronne waarop die aansoek betrekking het -

(i) voorheen, of gelyktydig met die huidige aansoek, 'n ander aansoek om 'n permit ingevolge die Wet of ingevolge enige ander wetgewing by 'n owerheid ingedien is; en

(ii) of daardie aansoek geweier, goedgekeur of steeds hangende is;

(b) indien die bioprospektering voorafgegaan is deur ander navorsing as bioprospektering betreffende die inheemse biologiese hulpbronne waarop die aansoek betrekking het, die aard van die navorsing en die bedrywighede openbaar maak wat tot die aansoek om 'n bioprospekteerpermit gelei het.

Aansoekprosedure

10. (1) 'n Aansoek om 'n bioprospekteerpermit word by die Minister ingedien en -

(a) is in die vorm van Deel 1 van Aanhangsel 2 by hierdie regulasies;

(b) bevat voldoende inligting om die Minister in staat te stel om die tersaaklike beoordeling te onderneem.

(2) 'n Aansoek om 'n geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit word by die Minister ingedien en -

(a) is in die vorm van Deel 1 en 2 van Aanhangsel 2 by hierdie regulasies;

(b) bevat voldoende inligting om die Minister in staat te stel om die tersaaklike beoordeling te onderneem.

(3) Indien materiaaloordragooreenkomste of voordeel-deelooreenkomste deur die Wet vereis word, moet 'n aansoeker om 'n bioprospekteerpermit of 'n geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit by die aansoek om sodanige permit -

(a) getekende materiaaloordragooreenkomste of voordeel-deelooreenkomste aanheg indien sodanige ooreenkomste aangegaan is; of

(b) indien dit nie moontlik was om sodanige ooreenkomste aan te gaan nie, 'n versoek om ingryping deur die Minister aanheg vir die doeleindes van onderhandeling van sodanige ooreenkomste, ooreenkomstig artikel 82(4)*(b)* van die Wet.

(4) 'n Aansoek om 'n uitvoerpermit vir ander navorsingsdoeleindes as bioprospektering word ingedien by die LUR geïdentifiseer in regulasie 6(2) en -

(a) is in die vorm van Aanhangsel 3 by hierdie regulasies;

(b) bevat voldoende inligting om die LUR in staat te stel om die tersaaklike beoordeling te onderneem.

Deel 3: Uitreiking van permitte en inhoud van permitte (regs 11-13)

Bioprospekteerpermitte

11. (1) 'n Bioprospekteerpermit word slegs uitgereik indien -

(a) die Minister enige materiaaloordragooreenkomste of voordeel-deelooreenkomste wat deur die Wet vereis word en by die Minister ingedien is, goedgekeur het; en

(b) die nieterugbetaalbare geld in Aanhangsel 1 vermeld, betaal is.

(2) 'n Bioprospekteerpermit -

(a) is in die vorm van Aanhangsel 4 by hierdie regulasies;

(b) vermeld die tydperk wat die permit geldig is;

(c) vermeld die inheemse biologiese hulpbronne wat betrokke is;

(d) vermeld die hoeveelheid inheemse biologiese hulpbronne wat betrokke is;

(e) vermeld die bron of oorsprong van die inheemse biologiese hulpbronne;

(f) word uitgereik onderworpe aan voorwaardes deur die Minister bepaal, welke voorwaardes insluit dat -

(i) alle gelde wat ingevolge 'n voordeel-deelooreenkoms aan belanghebbers verskuldig is, in die Bioprospektering-trustfonds gestort moet word, soos by

artikel 85(1) van die Wet vereis;

(ii) die permithouer op 'n jaarlikse grondslag by die Minister 'n statusverslag indien in 'n formaat soos deur die Minister bepaal;

(iii) die permithouer aanspreeklik is vir die koste van die verligting of herstel van die impak van die bioprospektering op die omgewing, ooreenkomstig artikel 28 van die NEMA; en

(iv) die inheemse biologiese hulpbronne waarop die permit betrekking het, nie sonder die skriftelike toestemming van die Minister verkoop, geskenk of aan 'n derde party oorgedra mag word nie.

Geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermitte

12. (1) 'n Geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit word slegs uitgereik indien die Minister hom of haar daarvan vergewis het dat die uitvoer van die inheemse biologiese hulpbronne vir bioprospektering vir 'n doel geskied wat in die openbare belang is, met inbegrip van -

(a) die bewaring van die biodiversiteit in Suid-Afrika;

(b) die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika; of

(c) die vermeerdering van wetenskaplike kennis en die vergroting van die tegniese vermoë van Suid-Afrikaners en Suid-Afrikaanse instellings.

(2) 'n Geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit -

(a) is in die vorm van Aanhangsel 5 by hierdie regulasies;

(b) vermeld die tydperk wat die permit geldig is;

(c) vermeld die inheemse biologiese hulpbronne wat betrokke is;

(d) vermeld die hoeveelheid inheemse biologiese hulpbronne wat betrokke is;

(e) vermeld die bron of oorsprong van die inheemse biologiese hulpbronne;

(f) word uitgereik onderworpe aan voorwaardes deur die Minister bepaal, welke voorwaardes insluit dat -

(i) alle gelde wat ingevolge 'n voordeel-deelooreenkoms aan belanghebbers verskuldig is, in die Bioprospektering-trustfonds gestort moet word, soos by artikel 85(1) van die Wet vereis;

(ii) die permithouer op 'n jaarlikse grondslag by die Minister 'n statusverslag indien in 'n formaat soos deur die Minister bepaal;

(iii) die permithouer aanspreeklik is vir die koste van die verligting of herstel van die impak van die bioprospektering op die omgewing, ooreenkomstig artikel 28 van die NEMA; en

(iv) die inheemse biologiese hulpbronne waarop die permit betrekking het, nie sonder die skriftelike toestemming van die Minister verkoop, geskenk of aan 'n derde party oorgedra mag word nie.

Uitvoerpermit vir ander navorsing as bioprospektering

13. (1) 'n Uitvoerpermit vir ander navorsing as bioprospektering word slegs uitgereik indien die uitreikingsowerheid wat in regulasie 6 geïdentifiseer is, hom of haar daarvan vergewis het dat die uitvoer van die tersaaklike inheemse biologiese hulpbronne vir 'n doel geskied wat in die openbare belang is, met inbegrip van -

(a) die bewaring van die biodiversiteit in Suid-Afrika;

(b) die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika; of

(c) die vermeerdering van die wetenskaplike kennis en die vergroting van die tegniese vermoë van Suid-Afrikaners en Suid-Afrikaanse instellings.

(2) 'n Uitvoerpermit vir die uitvoer van inheemse biologiese hulpbronne vir ander navorsingsdoeleindes as bioprospektering -

(a) is in die vorm van Aanhangsel 6 by hierdie regulasies;
(b) vermeld die tydperk wat die permit geldig is;
(c) vermeld die inheemse biologiese hulpbronne wat betrokke is;
(d) vermeld die hoeveelheid inheemse biologiese hulpbronne wat betrokke is;
(e) vermeld die bron of oorsprong van die inheemse biologiese hulpbronne; en
(f) word onderworpe aan die volgende voorwaardes uitgereik: -

(i) Die inheemse biologiese hulpbronne waarop die permit betrekking het, mag slegs gebruik word vir niekommersiële navorsingsdoeleindes soos in die permit vermeld;
(ii) die inheemse biologiese hulpbronne waarop die permit betrekking het, mag nie vir bioprospekteerdoeleindes gebruik word nie;
(iii) die permithouer is aanspreeklik vir die koste van die verligting of herstel van die impak van die uitvoer op die omgewing, ooreenkomstig artikel 28 van die NEMA;
(iv) die inheemse biologiese hulpbronne waarop die permit betrekking het, mag nie sonder die skriftelike toestemming van die uitreikingsowerheid verkoop, geskenk of aan 'n derde party oorgedra word nie, welke toestemming weerhou word indien die derde party voornemens is om die hulpbronne vir bioprospekteerdoeleindes te gebruik; en
(v) die permithouer moet op 'n jaarlikse grondslag of binne tydraamwerke soos deur die uitreikingsowerheid bepaal, 'n statusverslag by die uitreikingsowerheid indien in 'n formaat deur die uitreikingsowerheid bepaal.

Deel 4: Appèlle (regs 14-15)

Besluite wat onderworpe is aan appèl

14. (1) 'n Aansoeker kan ingevolge artikel 94 van die Wet appèl aanteken teen 'n besluit om -

(a) 'n permit te weier;
(b) permitvoorwaardes op te lê wat bykomend is tot die verpligte voorwaardes wat ingevolge hierdie regulasies opgelê word;
(c) 'n permit terug te trek.

Appèlprosedure

15. (1) 'n Appèl word by die Minister ingedien binne 30 dae nadat die aansoeker 'n kennisgewing ontvang het van die besluit waarteen geappelleer word.

(2) Belanghebbers wat 'n belang het by die appèl word voorsien van 'n afskrif van die appèl en word in kennis gestel dat hulle 15 dae het vanaf die datum van kennisgewing om voorleggings met betrekking tot die appèl by die Minister in te dien.

(3) 'n Appèl moet-

(a) die gronde uiteensit waarop daar teen die besluit geappelleer word;
(b) enige belanghebbers identifiseer wat 'n belang het by die appèl en bewys lewer

dat 'n afskrif van die appèl aan alle belanghebbers beteken is; en

(c) vergesel gaan van die nieterugbetaalbare geld uiteengesit in Aanhangsel 1 by hierdie regulasies.

HOOFSTUK 4
MATERIAALOORDRAGOOREENKOMSTE, VOORDEEL-DEELOOREENKOMSTE EN DIE BESTUUR VAN DIE BIOPROSPEKTERING-TRUSTFONDS (regs 16-19)

Deel 1: Ooreenkomste (regs 16-18)

Materiaaloordragooreenkomste

16. (1) Die partye by 'n materiaaloordragooreenkoms is die aansoeker en die belanghebber soos in subartikel 82(1)*(a)* en *(b)* van die Wet beskryf, wat toegang verskaf of verleen tot die inheemse biologiese hulpbronne waarop die aansoek betrekking het.

(2) Die Minister moet ooreenkomstig artikel 84(2) van die Wet alle materiaaloordragooreenkomste of enige wysiging aan sodanige ooreenkomste goedkeur.

(3) 'n Materiaaloordragooreenkoms is in die vorm van Aanhangsel 7 by hierdie regulasies en bevat die inligting in artikel 84(1)*(b)* van die Wet uiteengesit.

Voordeel-deelooreenkomste

17. (1) Die partye by 'n voordeel-deelooreenkoms is die aansoeker en die belanghebbers genoem in subartikel 82(1)*(a)* en *(b)* van die Wet.

(2) 'n Voordeel-deelooreenkoms is in die vorm van Aanhangsel 8 by hierdie regulasies en moet voldoen aan subartikels 83(1) en (2) van die Wet.

(3) Voordat 'n voordeel-deelooreenkoms of 'n wysiging van sodanige ooreenkoms goedgekeur word -

(a) moet die Minister hom of haar daarvan vergewis dat die ooreenkoms teenoor alle partye billik en regverdig is;

(b) kan die Minister oorleg pleeg met 'n persoon wat bevoeg is om hom of haar van tegniese raad oor die ooreenkoms te dien; en

(c) kan die Minister openbare kommentaar versoek oor die ooreenkoms met dien verstande dat geen vertroulike inligting openbaar gemaak word nie.

(4) Die Minister kan weier om 'n voordeel-deelooreenkoms goed te keur, tensy sodanige ooreenkoms voorsiening maak vir -

(a) die vermeerdering van die wetenskaplike kennis en die vergroting van die tegniese vermoë van persone, staatsorgane of inheemse gemeenskappe om inheemse biologiese hulpbronne te bewaar, te gebruik en te ontwikkel; of

(b) enige ander bedrywigheid wat die bewaring, volhoubare gebruik en ontwikkeling van die tersaaklike inheemse biologiese hulpbronne bevorder.

(5) Permithouers moet binne een maand nadat 'n ooreenkoms aangegaan is of binne een maand nadat enige wysigings van sodanige ooreenkoms aangegaan is, 'n afskrif van alle voordeel-deelooreenkomste by die Direkteur-generaal indien.

Pligte van permithouer

18. (1) Die houer van 'n bioprospekteerpermit of 'n geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit moet -

(a) die Direkteur-generaal in kennis stel as geld wat aan belanghebbers verskuldig is, soos in die voordeel-deelooreenkoms vermeld, aan die Bioprospektering-trustfonds oorgedra of daarin gestort gaan word;

(b) die belanghebbers wat ingevolge 'n voordeel-deelooreenkoms op 'n monetêre voordeel geregtig is, in kennis stel dat geld aan die Bioprospektering-trustfonds oorgedra of daarin gestort is.

Deel 2: Bestuur van die Bioprospektering-trustfonds (reg 19)

Die bestuur van die Bioprospektering-trustfonds

19. (1) Alle geld wat uit voordeel-deelooreenkomste voortvloei en aan belanghebbers verskuldig is, moet ingevolge artikel 85(1) van die Wet in die Bioprospektering-trustfonds gestort word.

(2) Die Bioprospektering-trustfonds word ooreenkomstig die Tesourieregulasies bestuur wat ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), uitgevaardig is.

(3) Vir die doeleindes van nakoming van die Tesourieregulasies -

(a) word elke voordeel-deelooreenkoms geag die trustinstrument te wees wat besonderhede verskaf oor die besondere doel waarvoor geld wat deur die Bioprospektering-trustfonds ontvang is, gebruik kan word;

(b) is die Direkteur-generaal verantwoordelik vir die veilige bewaring en die behoorlike aanwending van alle geld wat deur die Bioprospektering-trustfonds ontvang is, ooreenkomstig die tersaaklike voordeel-deelooreenkoms;

(c) kan die Direkteur-generaal 'n redelike fooi hef vir die bestuur van geld wat ingevolge 'n voordeel-deelooreenkoms ontvang is.

(4) Die Direkteur-generaal moet -

(a) alle uitreikingsowerhede in kennis stel van die bankbesonderhede van die Bioprospektering-trustfonds, welke besonderhede by die uitreiking van elke permit aan permithouers oorhandig word;

(b) die partye by 'n voordeel-deelooreenkoms van raad dien oor -

(i) enige geld wat ten opsigte van daardie ooreenkoms ontvang is;

(ii) die bedrag wat ingevolge die ooreenkoms aan elke belanghebber verskuldig is; en

(c) alle gelde wat ontvang is ooreenkomstig die tersaaklike voordeel-deelooreenkoms versprei.

(5) Die Direkteur-generaal kan hom of haar ingevolge subregulasie (4) jaarliks van sy/haar verpligtinge kwyt, tensy -

(a) 'n ander tydperk in die tersaaklike voordeel-deelooreenkoms bepaal word; of

(b) die Direkteur-generaal en die partye by die voordeel-deelooreenkoms oor 'n ander tydperk ooreenkom.

(6) Indien daar, om welke rede ook al, surplusgeld in die Bioprospektering-trustfonds is wat nie ingevolge 'n voordeel-deelooreenkoms aan 'n party verskuldig is nie, moet die Direkteur-generaal die geld vir een of meer van die volgende doeleindes aanwend: -

(a) om die inheemse biologiese hulpbronne te bewaar;

(b) om verdere navorsing oor inheemse biologiese hulpbronne en inheemse kennis

te steun;

(c) om die vermoë van inheemse gemeenskappe te vergroot -

(i) wat betref hulle regte ingevolge die Wet; en

(ii) om hulle in staat te stel om voordeel-deelooreenkomste te beding wat billik en regverdig is;

(d) om wetenskaplike kennis te vermeerder en die tegniese vermoë te vergroot om die inheemse biologiese hulpbronne te bewaar, te gebruik en te ontwikkel; of

(e) vir enige ander bedrywigheid wat die bewaring, volhoubare gebruik en ontwikkeling van inheemse biologiese hulpbronne tot voordeel van Suid-Afrika bevorder.

(7) Indien dit, om welke rede ook al, onmoontlik is om aan 'n party die geld te betaal wat ingevolge die voordeel-deelooreenkoms aan daardie party verskuldig is, moet die Direkteur-generaal -

(a) vasstel of daar 'n ander persoon of liggaam is aan wie die geld regtens betaal moet word;

(b) indien daar nie 'n identifiseerbare persoon of liggaam is aan wie die geld betaal moet word nie, met enige ander partye by die tersaaklike ooreenkoms oorleg pleeg aangaande die verspreiding van daardie geld en daarna die geld billik en regverdig onder die oorblywende belanghebbers, indien enige, versprei;

(c) indien daar geen ander belanghebbers is nie, die geld ooreenkomstig subregulasie (6) versprei.

HOOFSTUK 5
ALGEMEEN (regs 20-23)

Misdrywe

20. 'n Persoon is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon -

(a) sonder 'n permit -

(i) bioprospektering onderneem waarby inheemse biologiese hulpbronne betrokke is;

(ii) enige inheemse biologiese hulpbronne vanuit die Republiek uitvoer vir die doeleindes van bioprospektering of enige ander navorsing;

(b) die bedrywigheid waarvoor die permit uitgereik is op 'n ander manier verrig as ooreenkomstig enige voorwaardes onderworpe waaraan die permit uitgereik is; [of]

(c) aan enige ander persoon toestemming gee of hom of haar toelaat om te handel of om te versuim om te handel, welke handeling of versuim ingevolge hierdie regulasies 'n misdryf is.

Strawwe

21. (1) 'n Persoon wat aan 'n misdryf ingevolge regulasie 20 skuldig bevind word, is strafbaar met -

(a) gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar;

(b) 'n toepaslike boete; of

(c) beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(2) 'n Boete ingevolge subregulasie (1) mag nie 'n bedrag voorgeskryf ingevolge

die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet 101 van 1991), te bowe gaan nie.

Oorgangsbepalings

22. (1) Behoudens subregulasies (2) en (3), kan 'n persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie regulasies by 'n bioprospekteerprojek betrokke is, hangende die uitreiking van 'n bioprospekteerpermit voortgaan met daardie projek.

(2) 'n Persoon wat betrokke is by 'n bioprospekteerprojek wat reeds 'n aanvang geneem het, moet binne **ses maande** van die inwerkingtreding van hierdie regulasies, 'n aansoek om 'n bioprospekteerpermit by die Minister indien ooreenkomstig Hoofstuk 2 van hierdie regulasies.

(3) Indien 'n bioprospekteerprojek wat reeds 'n aanvang geneem het, belanghebberbelange insluit wat ingevolge artikel 82 van die Wet beskerm word, moet die aansoeker om 'n bioprospekteerpermit -

(a) met geïdentifiseerde belanghebbers toepaslike voordeel-deelooreenkomste beding en aangaan;

(b) by die aansoek om 'n bioprospekteerpermit wat ingevolge subregulasie (2) by die Minister ingedien is -

(i) getekende voordeel-deelooreenkomste aanheg wat met belanghebbers aangegaan is; of

(ii) 'n skriftelike versoek aanheg om die ingryping van die Minister vir die doeleindes van die bedinging van sodanige ooreenkomste, ooreenkomstig artikel 82(4)*(b)* van die Wet, indien dit nie moontlik was om voordeel-deelooreenkomste binne die **ses maande** in subregulasie (2) bedoel, aan te gaan nie.

(4) 'n Bioprospekteerprojek wat reeds 'n aanvang geneem het -

(a) moet beëindig word indien -

(i) 'n aansoek om 'n bioprospekteerpermit geweier word; of

(ii) 'n voordeel-deelooreenkoms desondanks die ingryping van die Minister nie aangegaan is nie;

(b) kan voortgesit word indien 'n bioprospekteerpermit uitgereik word, behoudens enige voorwaardes vervat in daardie permit.

Kort titel en inwerkingtreding

23. Hierdie regulasies heet die Regulasies oor Bioprospektering, Toegang en Voordeel-deling, 2008, en tree in werking op 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

AANHANGSEL 1

VOORGESKREWE NIETERUGBETAALBARE GELDE

1 Permitgelde	
1.1 Bioprospekteerpermit (regulasie 11)	R5 000,00
1.2 Geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit (regulasie 12)	R5 200,00
1.3 Uitvoerpermit vir die doeleindes van die doen van enige ander navorsing as bioprospektering (regulasie 13)	R100,00
2 Appèl ingevolge regulasie 15	
Appèlgeld	R50,00

AANHANGSEL 2

AANSOEKE OM PERMITTE

DEEL 1: AANSOEK OM 'N BIOPROSPEKTEERPERMIT

DEEL 2: AANSOEK OM 'N UITVOERPERMIT VIR DIE DOELEINDES VAN BIOPROSPEKTERING

Opmerkings oor die invul van die vorm:

1	Indien u om 'n bioprospekteerpermit aansoek doen en u is nie voornemens om die tersaaklike inheemse biologiese hulpbronne uit te voer nie, hoef u slegs Deel 1 van hierdie vorm in te vul.
2	Indien u om 'n geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit aansoek doen, moet u Deel 1 en Deel 2 van hierdie vorm invul.
3	Indien die spasie op hierdie vorm onvoldoende is, kan bykomende inligting by wyse van Aanhangsels ingesluit word.

TIPE PERMIT WAARVOOR AANSOEK GEDOEN WORD (Merk toepaslike blokkie)
Bioprospekteerpermit: ☐

Geïntegreerde uitvoer-en-bioprospekteerpermit: ☐

FASE VAN BIOPROSPEKTEERPROJEK (Merk toepaslike blokkie)
Ontdekkingsfase: ☐

Kommersialiseringsfase: ☐

DEEL 1: AANSOEK OM 'N BIOPROSPEKTEERPERMIT
AANSOEKER
Indien aansoeker 'n regspersoon (liggaam met regspersoonlikheid) is, vul in klousules 1 tot 7 hieronder

1 Volle naam van instelling of liggaam:
_____

2 Is die regspersoon in Suid-Afrika geregistreer? J/N

3 Indien Ja, verskaf die Suid-Afrikaanse registrasienommer van die regspersoon:
_____

4 Indien nie, in watter land is die regspersoon geregistreer?
Verskaf die verwysingsnommer:
_____

5 Verskaf die kontakbesonderhede van die regspersoon (ook die pos- en straatadres, telefoon- en faksnommers, en die e-posadres):
_____

6 Naam van regspersoon (liggaam met regspersoonlikheid) se kontakpersoon (heg 'n gewaarmerkte afskrif van die ID-dokument aan):
_____

7 Hoedanigheid van kontakpersoon: _____

Indien aansoeker 'n natuurlike persoon is, vul in klousules 8 tot 12 hieronder

8 Naam van aansoeker: _____

9 Identiteitsnommer van die aansoeker (heg ook 'n gewaarmerkte afskrif van die ID-dokument aan):
_____

10 Kontakbesonderhede van aansoeker (ook die pos- en straatadres, telefoon- en faksnommers en e-posadres):
_____

11 Is die aansoeker lid van 'n liggaam met regspersoonlikheid? J/N

12 Indien ja, verskaf die naam en kontakbesonderhede van die liggaam met regspersoonlikheid (sluit in die naam van die kontakpersoon, pos-/fisiese adres, telefoon- en faksnommers en e-posadres):
_____

Die res van Deel 1 moet deur alle aansoekers ingevul word

13 Name en kontakbesonderhede (ook die pos-/fisiese adres, telefoon- en faksnommers en

die e-posadres) van alle ander medewerkers:
_____

14 Identifiseer die getal ander medewerkers (heg ook gewaarmerkte afskrifte van ID's aan):
_____

15 Name en kontakbesonderhede (ook die pos-/fisiese adres, telefoon- en faksnommers en e-posadresse) van die individue wat die bioprospekteerprojek onderneem:
_____

16 Identifiseer die getal individue wat die bioprospekteerprojek onderneem (heg ook gewaarmerkte afskrifte van ID's aan):
_____

17 Is daar enige internasionale borge wat hierdie projek finansier? J/N

18 Indien Ja, verskaf hulle name en kontakbesonderhede (ook die naam van die kontakpersoon, pos-/fisiese adres, telefoon- en faksnommers en e-posadres):
_____

19 Is daar enige Suid-Afrikaanse borge wat die projek finansier? J/N

20 Indien Ja, verskaf hulle name en kontakbesonderhede (ook die naam van die kontakpersoon, pos-/fisiese adres, telefoon- en faksnommers en e-posadres):
_____

INHEEMSE BIOLOGIESE HULPBRONNE

21 Meld die tipes inheemse biologiese hulpbronne waarvoor 'n permit verlang word, die familie, genus of spesie, die deel van die organisme wat versamel gaan word, die hoeveelheid hulpbronne wat versamel of verkry gaan word en die bepaalde gebied of bron waar elke hulpbron versamel of verkry gaan word.

Tipe organisme	**Familie, genus of spesie (wetenskaplike en volksnaam) (waar moontlik)**	**Deel van organisme wat versamel gaan word**	**Hoeveelheid**	**Volledige liggingsdata (GIS-lesings indien moontlik)**
***Voorbeeld*: Plant**	**Aloe ferox**	**Blare**	**6 kg**	**. . .**

VORIGE NAVORSING EN VORIGE AANSOEKE OM PERMITTE

22 Ten opsigte van die inheemse biologiese hulpbronne hierbo uiteengesit, is enige ander aansoek om 'n permit ingevolge die Wet of ingevolge enige ander wetgewing voorheen of gelyktydig met hierdie aansoek ingedien? J/N

23 Indien Ja, is die aansoek goedgekeur, geweier of steeds hangend?
_____

